

LYFTAAL

Beliggaam 'n nuwe taal

Tussen Sondae

Die Vriend

Net soos ons vrugte in 'n bak op die tafel sit is taal ook 'n *container* waarmee ons betekenis gee aan goed. Terwyl ek taal gebruik om te verduidelik hoe ek spiritualiteit verstaan sê die **woorde wat ek kies** om dit **mee te sê** baie meer van my spiritualiteit as bloot wat ek sê.

Taal hou dit vas en gee werklik daaraan betekenis.

Ek vermoed meeste van ons was al in 'n situasie waar jy so verstom is oor iemand se optrede dat jy bloot sê: "Ek het nie woorde nie..." Soms voel dit of die wêreld wat gebeur tussen sondae net nie *compatible* is met alledaagse spiritualiteit nie - ek benodig 'n nuwe taal daarvoor. Ek het nie woorde daarvoor nie.

- **Dink bietjie na oor hoe jy spiritualiteit beliggaam tussen sondae, sou jy dit kon beskryf of voel jy jy benodig dalk ook 'n nuwe taal daarvoor?**

Jesus help egter vir my om hierdie nuwe taal te ontdek. Hy is op reis tussen Galilea en Jerusalem, tussen twee plekke van aanbidding, tussen sondae. Van alles wat die dissipels Jesus sien doen vra hulle Hom om hulle te leer bid. Waarskynlik omdat hulle ook sien hoe Hy daardeur gefokus en *energise* word. In Lukas 11:1 - 13 leer Jesus hulle bid en vertel dan 'n vreemde storie, lees gerus.

Eerstens maak Jesus dit **persoonlik**.

Daar word vir iemand gebid, ons Vader. Hy is soos die vriend wat jy maar in die nag kan wakker klop en Hy nooi ons uit om aan te hou klop. Dit is intens persoonlik, hoekom wil ons dit onpersoonlik maak?

- **Is geloof net 'n oortuiging (geloofsoortuiging) of is dit werklik vir jou 'n verhouding?**
- **Wat gaan jy moet doen om jou geloofsoortuiging persoonlik te maak?**
- **Maak die taal wat jy gebruik dalk dat jy vir God op 'n afstand hou?**

1. Persoonlik

Die woord 'Vader' raak ons elkeen **persoonlik**, so ook 'vriend'.

Laat U koninkryk kom

- want my lewe is tans 'n gemors...

Vergewe my sonde

- ek kry dit eenvoudig net nie reg nie, ek is kwaad en sukkel om die wat my lewe verongeluk het en myself te vergewe...

Laat kom my nie in versoeking nie

- ek kom nie deur een week waar ek nie afdwaal nie;
ek weet nie wat om met daardie begroting te doen nie;
help my, my kind is verlaaf;
'n egskeiding lyk onafweerbaar, ek weet nie meer nie;
my werk is besig om al my joy te steel, hoe maak ek nou.

2. Ons word genooi om te vra

Hierdie ou hou aan klop, hou aan vra. God sê daarmee ons mag aanhou vra.

- **Wat is dit wat jy graag sal wil aanhou vra?**
- **Is dit iets wat jy wil graag wil hê of iets wat jy nodig het?**
- **As jy as mens weet wat jou kinders nodig het, hoeveel te meer weet God wat jy nodig het?**

3. Besef jou afhanklikheid

Laat toe dat die taal van jou gebed hierdie afhanklikheid onderstreep.

Challenge: Bid die eerlikste gebed wat jy nog ooit gebid het.